

INHOUDSOPGAWE

Is die kerk belang- rik?	1
Die meerdere waar- borg die mindere	5
Liefde as opdrag in die huwelik	7
Eers leeg, dan ver- hoog	10
Roeping en verwag- ting	12

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

IS DIE KERK BELANGRIK?

HJ Messelink


Janet: 'Iets wat my nogal pla, is dat sommige mense so baie oor die kerk praat.'

Ria: 'Hoekom pla dit jou?'

Janet: 'Omdat dit lyk asof die kerk by hierdie mense die middelpunt is, in plaas daarvan dat Christus die middelpunt van alles is. 'n Mens moet by 'n kerk van Christus, 'n ware kerk aansluit, maar nou begin dit klink asof alles reg is solank jy maar net 'n lidmaat van so 'n kerk is. En asof alles buite donker en sleg is.'

Ria: 'Ja, maar ons bely tog dat God veral in die kerk sy saligheid wil uitdeel (Artikel 28 NGB). Dan is dit mos van lewensbelang om jou by die kerk te voeg?'

Janet: 'Maar nou gee jy die indruk dat jou kop deur is as jy maar net lid is van so 'n kerk van Christus. Ek kry partykeer die indruk dat sommige mense lidmaatskap van die kerk belangriker ag as 'n lewende verhouding met die Here Jesus. Dit is tog nie reg nie? Die kerk is mos baie minder belangrik as die Here Jesus?'



In hierdie gesprek word daar 'n aantal dinge genoem wat waarskynlik nie vir ons vreemd is nie. Ons word almal van tyd tot tyd gekonfronteer met hierdie soort vrae. Dalk voel dit vir jou ook so. Hoe belangrik is die kerk nou eintlik? Moet daar so baie oor die kerk gepraat word? Is 'n persoonlike geloofsband met God en die Here Jesus dan nie baie belangriker nie? Is dit nie dalk daar somtyds te veel nadruk gelê word op die lidmaatskap van die ware kerk nie? Wat sê die Bybel oor hierdie vrae?

Ons glo aan die kerk

Wanneer ons oor die kerk praat, praat ons nie oor 'n klub nie. Neem

byvoorbeeld 'n rugbyklub. Dit bestaan uit 'n groep mense wat dieselfde stokperdjie het, naamlik rugby. Hulle beoefen hierdie sport in klubverband; hulle kies 'n bestuur; hulle betaal ledegeld en so funksioneer hulle as 'n klub. As iemand later nie meer lus is om rugby te speel nie, verlaat hy die klub en niemand neem hom dit kwalik nie.

So praat baie mense ook oor die kerk: 'n groep mense wat bymekaar gekom het vanweë iets wat hulle in gemeen het, naamlik die geloof. Die kerkraad vorm die bestuur en die tiendes is die ledegeld. En as dit nie meer vir jou lekker is daar nie, gaan soek jy 'n ander kerk.

Maar die kerk is nié 'n klub nie. Allereers omdat die kerk nie aan ons behoort nie. Dit behoort aan die Seun van God.

Die kerk is die geliefde bruid van Christus. Wat op aarde kan belangriker wees?

Buitendien gaan dit nie oor wat óns dink van die kerk nie, want ons *gló* aan die kerk. Ons bely elke Sondag saam in die kerk: ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges. Net soos die vergifnis van my sondes 'n saak van geloof is en die verkryging van die ewige lewe 'n saak van geloof is, so is die kerk ook 'n saak van geloof.

In die kerk het ons die Twaalf Artikels van ons geloof, en één hiervan is die artikel oor die kerk. *Ons glo aan die kerk.* Dit beteken dat ons alleenlik iets sinvol oor die kerk kan sê wanneer ons dit vanuit die Bybel doen. Want om te glo, beteken om God se Woord met gesag te laat spreek. Sonder hierdie Woord praat ons oor die kerk asof dit iets is wat aan óns behoort, óns

kerk, óns vereniging. Maar vanuit die Bybel leer ons om die kerk te sien as die werk van Jesus Christus. Soos die *Kategismus* sê: Hy vergader, beskerm en onderhou sy gemeente en Hy doen dit deur sy Gees en Woord.

Dit sal ons vertrekpunt moet wees wanneer ons oor die kerk praat, anders kom ons nie by die regte antwoord uit nie. As ons nie vanuit die Bybel praat nie, kan elkeen sy eie siening van die kerk gee. En so kry jy dan duisende verskillende sienings, want elkeen praat vanuit sy eie ervaring. So kry jy dat één bly is oor die kerk en 'n ander die kerk verag en daarop spoeg.

Maar die kerk is nie 'n klub of 'n besigheid wat ons aan die gang probeer hou nie. Daar is een Héerder wat sy skape soek en bymekaar bring, al van die begin van die geskiedenis af. Na die sondeval het God gesê: '*Adam, waar is jy?*' En so het God hom die eerste lidmaat van die kerk gemaak. Dit is die begin van die kerk: God se werk. En so hou dit aan deur al die eeue heen, tot vandag toe. En wie word bymekaar gebring in die kerk? Wie behoort by die kerk? Almal vir wie die Here Jesus aan die kruis gesterf het. Deur vir hulle te sterwe, het Hy hulle losgekoop uit die mag van Satan, van die sonde en die dood, en hulle die ewige lewe geskenk. Dieselfde mense word deur die Here Jesus in die kerk byeengebring. Daarom kan die *Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)* in Artikel 27 ook sê: die kerk is " 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees."

So is die kerk: Die werk van die Seun van God op aarde. Baie konkreet.

Hy bring 'n groot verskeidenheid mense bymekaar deur die oorwinnende krag van sy

In diens van Christus ontvang ons baie meer as wat ons ooit sal kan uitdeel.

Gees en Woord. Hy doen dit ook in die omgewing waar jy woon. Daar is 'n kerk en ampsdraers (nie bestuurslede nie, maar dienaars van Christus), daar word eredienste gehou en Nagmaal gevier, alles die werk van Jesus Christus. Dit maak nie saak of die gemeente groot of klein is nie, want Jesus self het gesê: waar twee of drie in my Naam vergader, in gehoorsaamheid aan my Woord, daar is Ek in hul midde. Die heilige, algemene, Christelike kerk is daar waar mense eensgesind erken dat Jesus Christus hulle Verlosser is en waar die Woord gehoorsaam word. Die kerk is die eiendom van Christus - sy kudde, sy bruid, sy volk.

Is die kerk belangrik? Wat 'n vraag! Laat ek dit anders formuleer: *is die werk van die Seun van God op aarde belangrik?* Dan is die antwoord mos nie meer so moeilik nie! Paulus sê in Efesiërs 5 dat Christus sy kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het om haar te heilig en haar stralend, sonder vlek of rimpel of iets dergelyks, heilig en onbesmet voor Hom te plaas. Die kerk is die geliefde bruid van Christus. Wat op aarde kan belangriker wees?

Die herkenbare kerk

Die kerk is dus belangrik. En hierdie kerk is die tasbare, herkenbare kerk. Maar hóé kan hierdie kerk uitgekien word? Daar is so baie kerke. Tog kan jy duidelikheid hieroor kry. Laat ek aansluit by die beeld wat Jesus Christus self gebruik in Johannes 10. Daar noem hy Homself die Goeie Herder. Die kerk is die kudde, 'n trop skape. Jesus Christus sê dan: Die skape luister na sy

stem en hulle volg Hom, omdat hulle sy stem herken.

Daar is 'n verhaal van 'n reisiger wat in Palestina 'n herder met sy skape ontmoet het. Hulle het klere geruil en so, vermom as die herder, het die vreemdeling die skape geroep. Daar was nie een skaap wat gereageer het nie. Daarna het die herder sy stem laat hoor, en hoewel hy nog die vreemdeling se klere aangehad het, het al die skape na hom toe gehardloop. Sy stém het gewerk. Die skape het die stem van die herder geken en hom alleen gevolg.

So gaan dit ook in die kerk. Daar waar die stém van die Goeie Herder suiwer opklink, daar is die kerk van Christus. Dit beteken konkreet: daar waar die Woord van God onvervals gehandhaaf en verkondig word. Die ware kerk is herkenbaar aan die suiwer verkondiging van die evangelie. Dit is ook sigbaar in die manier waarop die sakramente en die tug bedien word. Dit werk ook deur in allerlei ander opsigte, soos die onderlinge opbou en die evangelisasiewerk.

Die kerk is dus wel duidelik herkenbaar. So kan jy dan ook duidelik onderskei waar die stem van die Goeie Herder wél en waar dit nié gehoor kan word nie. In kerke waar, naas die waarheid, ook leuens en dwaalleer verkondig mag word, is daar valse herders en word die skape in verwarring gebring. Wanneer (om 'n voorbeeld te noem) in 'n kerk verkondig mag word dat Jesus nie régtig God was en is nie, maar nét 'n mens, dan word die hárt van die evangelie aangetas. Die stem van die Goeie Herder word dan nie meer in die kerk gehoor nie en die skape hoort dus nie meer daar nie!



Die grootsheid van Christenskap is dat daar oorwin word deur vergifnis.

- William Blake

Spreek ons dan 'n oordeel uit oor alle mense wat dan tog lidmaat bly van so 'n kerk? In 'n sekere sin wél. Volgens Artikel 28 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* handel almal wat hulle van die kerk afsonder of hulle nie by die kerk voeg nie, in stryd met God se bevel. Bowendien is dit lewensgevaarlik in kerke waar dwaalleer vrylik toegelaat word. Die gelowiges kan maklik daardeur meegesleur word. Hiermee spreek ons egter geen oordeel uit oor hul harte of hulle ewige toestand nie. Ons veroordeel nie. Inteendeel, ons doen juis 'n beroep op hulle as *ware gelowiges* om almal saam die Goeie Herder te volg.

Is dit dan nie hoogmoedig nie? Moet ons nie 'n bietjie nederiger wees nie? Is enige kerk miskien perfek? Het ons dan die reg om ander tot gehoorsaamheid op te roep as ons sien hoeveel ons self nog te kort skiet en hoeveel daar nog by onself ontbreek?

Ek dink dat ons nou eers weer moet teruggaan na die begin van hierdie hoofstuk. Ons gló aan die kerk. Dit wil sê ons praat oor die kerk soos wat die Bybel dit doen. Ons doen dit na binne en buite. Dit wat die Bybel oor die kerk sê, oor hoe Christus se kudde moet lyk, geld vir ons en alle gelowiges. Sodra jy hoogmoedig word en net na ander wys, het jy geen reg meer om te praat nie. Maar jy mag wel, jy móét jousef en ander hou aan die norme van die Bybel, ook wat die kerk betref. Ons sê tog ook nie ten opsigte van die vergifnis van sondes: daarvoor kan jy maar dink soos jy wil nie? Die regte manier is om te sê: so praat die Bybel hieroor - met gesag.

Dit is presies wat jy moet doen wanneer dit oor die kerk gaan. Dit wil partykeer lyk asof elkeen, wanneer dit oor die kerk gaan, sy eie mening mag hê. Maar dit is nie so nie. God se Woord is beslissend, ook wat die kerk betref. Daarom moet jy jousef en ander hou aan die Bybelse weg.

En wat die hoogmoedigheid betref: elke kerklidmaat sou gereeld die laaste gedeelte moet lees van Artikel 29 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, oor die kenmerke van 'n ware Christen. Dan sal jou hoogmoed vinnig verdwyn! Dit hou jou baie nederig.

Dus jy mág sê: hier vergader Christus sy kudde, hier hoort jy, want Christus gee nie oral sy seën nie - net op die plek waar sy stem suiwer klink. Maar dit mag ook nooit daar eindig nie, want jy is nog nie klaar nie. Die stryd begin nou eers, die stryd om by die Goeie Herder te bly en jou in alles aan Hom te onderwerp. Daarom kan jy nooit hoogmoedig oor die kerk praat nie, net óótmoedig en met selfverloëning.

As ons dus die kerk in ere hou deur by die kerk aan te sluit en lewende lidmate daarvan te wees, eer ons Jesus Christus, die Koning van die kerk.

Die kerk is lewensbelangrik

Op die vraag wat by die titel gevra word, kan ons dus volmondig 'ja' antwoord. Die kerk ís belangrik, want dit is nie iets wat mense tot stand gebring het nie, maar die werk van God in hierdie wêreld. As ons dus die kerk in ere hou deur by die kerk aan te sluit en lewende lidmate daarvan te wees, eer ons daarmee God en Jesus Christus, die Koning van die kerk.

Bowendien is die kerk vir ons sêlf van groot betekenis, want die bediening van versoening is aan die kerk toevertrou. Weet jy wat dit beteken? Dit beteken dat in die kerk, in die preek, deur die dominee gesê mag word: 'Gemeente, in die Naam van Jesus Christus, u sondes is vergewe.'

Baie mense bid met hulle lippe vir dit waarvoor hulle hart geen begeerte het nie.

- Jonathan Edwards

Vanselfsprekend word gelóóf gevra , 'n gelowige beaming van die boodskap. Maar dit doen geen afbreuk nie aan die wonderlike feit dat daar in die kerk vergifnis van sondes uitgedeel word, as God se geskenk aan ons. Daarom is die kerk vir ons sélf so belangrik. As jy nie deel is van die kerk nie, loop jy hiérdie boodskap mis!

Verder is die kerk ook belangrik vir ons sáám. Die kerk is die gemeenskap van die heiliges. Daarin lê die opdrag aan ons om ons met ons gawes te beywer vir die ander, vir ons broers en susters. Want God het 'n vólk. Die kerk is 'n familie waarin God ons vir mekaar gee en ook verantwoordelikheid vir mekaar gee.

Ten slotte is die kerk ook lewensbelangrik vir die volgende geslagte. As ouers ten opsigte van kerkkeuse gemaksugtig of ontrou is, is die kinders dikwels vir die kerk verlore. Ouers kies ook namens hul kinders.

Die kerk is lewensbelangrik. Natuurlik beteken dit nie dat alles reg is as jy maar net lid van die kerk is nie. Ek wil dit nog 'n keer benadruk. Niks is erger as om 'n gewoonte-lidmaat te wees nie. Daarom hierdie oproep aan jou wat dit lees, om bewústelik jou plek in die gemeente in te neem en jouself in die kerk te gee in diens van Christus en tot opbou van sy kerk.

DIE MEERDERE WAARBORG DIE MINDERE

H Klomp



"... Sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Rom. 8:32).

'Hom', die meerdere en 'alles', die mindere.

As God aan ons die meerdere (Christus) gegee het, sou Hy dan nie aan ons die mindere ('alles') skenk nie? Sou God net aan die grotere dink en

nie aan die kleine nie? God bly nie halfpad staan nie. Die een groot Gawe het nie sy bereidwilligheid uitgeput nie. Saam met die Gawe en vanuit die Gawe skenk Hy ons ook *alles*.

Reg beskou en gehoor, word alle dinge, en ons sorgte daarvoor, in hulle juiste perspektief geplaas.

Paulus stel die "sy eie Seun nie gespaar" van vers 31 teenoor die "alles skenk" in 'n verhouding van groot teenoor klein, van meer teenoor minder. As God dan die meerdere gedoen het, sal Hy dan nie die mindere doen nie? So bevestig Hy in Christus die sorg vir almal wat in Hom glo.

Reg beskou, is daar net één Gawe. Buite die geloof om is daar nie werklike gawes nie. Ja, daar is sukses, voorspoed, en 'n bietjie geluk,

Die een genade waarvoor daar waarskynlik die minste gebid word, en waar nog minder aan gewerk word, is sagmoedigheid.

- George Bethune

maar dit is alles nog g'n seën nie. Baie geld en vol skure mag in die oë van mense pragtig en benydenswaardig wees, maar sonder Christus kan al die aardse voorspoed 'n vloek wees. Sonder Christus ontbeer ons die seën. Daar mag skynseën wees; maar wie hom in aardse rykdom verheug sonder om aan Christus die eer te gee, ontvang nie werklike seën nie. Hy bly in die aardse verstrik.

Dit lyk asof die ryk boer in Lukas 12 alles het, maar hy het niks. Hy verloor die gawes van die oes en omdat hy die Gawe nie het nie, loop ook sy lewe op 'n ewige katastrofe uit.

Vir die verstaan van hierdie ryke woorde is "saam met Hom" (Christus) allesbepalend en allesbeheersend. Hy is die inhoud van God se gee en Hy is ook die waarborg vir ons versorging. In Hom, die meerdere, word die mindere vir ons gewaarborg.

Ons is een met Christus in die vernedering, en daarna ook een met Hom in die verhoging. Christus staan in die middelpunt. Hy is alles, en wie in Hom glo kan weet: Christus het die volle erfenis verwerf. Alle dinge is in Hom gewaarborg.

Het dit met ons lewe van elke dag, die hier en nou, te make? Sonder enige twyfel!

Wanneer God ons met Christus alle dinge skenk, bepaal Hy die inhoud duidelik. Hy gee nie aan ons alle dinge wat ons meen vir ons goed en selfs nodig is nie. Die geloof in Christus gee geen waarborg vir 'n voorspoedige aardse lewe nie. God belof nie aan een van sy kinders ryk oeste, hoë posisies, 'n siektelose lewe en 'n onbesorgde oudag nie.

As ons trouens die Bybel reg lees en daarin die weg en werk van God volg, weet ons dat die regverdige se teëspoede baie is. Juis God se kinders word nie kruis en teëspoed gespaar nie.

Maar is dit nie in stryd met die waarborg dat God ons alles sal skenk nie? Moenie vergeet dat Hy dit *saam met Christus* skenk nie. Dit beteken dat die gawes verband hou met ons lewe in die wêreld as kinders van God en dissipels van die Here Jesus. God gee ons soveel as wat ons nodig het om vanuit die Meerdere te lewe, sodat die Meerdere, die grootste Gawe, ons lewe sal beheers. 'Alles' is nie 'n doel insigself nie; dit is middele om ons roeping van God te vervul; om uit en by die Meerdere te lewe. Hy bepaal die mindere ter wille van die Meerdere en gee ons alle dinge wat ons vir dié doel nodig het.

**'Alles' is nie 'n doel insigself nie;
dit is middele om uit en by die
Meerdere te lewe.**

Dit kan vir die een meer wees as vir die ander en vir die een kan dit ook heelwat anders wees as vir die ander, want God bepaal die maat van die gawe, of dit baie is of min. Geen mens weet wat die minimum of die maksimum is wat hy sonder geestelike skade kan dra nie. God alleen weet dit en daarom moet ons dit aan Hom oorlaat. God wat die Meerdere gegee het, weet watter mindere ons nodig het om Hom te dien, om uit Hom te lewe, om by Hom te bly, om Hom te eer.

Dit is 'n troosvolle woord. Ons het 'n God Wie se hart, oog en hand in alles is. Ons kan rustig wees. Hy *het* alle dinge, en Hy *gee* alle dinge.

Dit is ewenwel ook 'n bemoedigende woord. Die Here sal vir u sorg as u sy Seun ken en in Hom glo. Hy sal u nie laat omkom nie, Hy gee wat u nodig het, Hy dra u deur die lewe.

Dit is ook 'n woord wat aanspoor, omdat nie die wêreldiekonomie en die efektebeurs my welsyn bepaal nie, maar God se sorg.

Die uitdeel van ons gawes is nie 'n saak van finansies en begrotings nie, maar van geloof.

LIEFDE AS OPDRAG IN DIE HUWELIK

P Niemeijer



Die opdrag aan man en vrou tot wedersydse liefde en trou dateer uit die paradys. In Genesis 2 word die huweliksband omskryf as 'één vlees wees'. En, sê Paulus, wie het ooit sy eie vlees gehaat? Jy voed en koester jou eie vlees. So was dit van meet af aan die bedoeling van God dat man en vrou mekaar liefhet en trou is aan mekaar (Ef. 5:28e.v.).

Die manier waarop Paulus dit hier stel, mag die indruk wek dat liefde in die Christelike huwelik 'n vanselfsprekendheid is. Niks is verder van die waarheid nie! Liefde moet geleer word. Daar moet aan 'n huwelik gewerk word. Gebeur dit nie, onttaard alles in 'n sleur en vind daar groot ongelukke plaas.

Daar moet byvoorbeeld in 'n huwelik ernstig gepraat word, anders raak man en vrou van mekaar vervreem en, voor dat hulle weet, lewe elkeen vir sigself. Hoe kan jy vir jou vrou lief wees as jy nie saam met haar bid nie; haar nie ken nie; nie weet hoe sy op bepaalde dinge reageer nie; nie weet waarmee jy vir haar

vreugde bring of waarmee jy haar juis vererg nie? Gelukkig verskyn daar al hoe meer literatuur wat hiermee kan help en wat, byvoorbeeld, ook wys op die verskillende maniere waarop man en vrou konflik verwerk en seksualiteit beleef. Watter frustrasie en spanning kom daar nie vanweë hierdie verskille nie! Mans wat ligtelik oor rusies heenstap en dit nie uitpraat nie en vrouens wat weens die onuitgeprate rusies nie in die stemming is om gemeenskap te hê nie.

Oor hierdie sake kan mens baie sê, maar ons verwys daarvoor eerder na skrywers wat op die gebied deskundig is. Dit gaan vir ons hier oor 'n paar Skriftuurlike grondlyne.

Werklike liefde is gerig op mense van vlees en bloed. Jy is vir die ander lief soos dié is. Nie op 'die prins van jou drome' nie, maar op die man met wie jy getroud is. Die liefde hermodelleer nie die ander na jou eie smaak nie, maar fokus op die ander mét sy foute en gebreke. *“Die liefde . . . soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie . . . bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles”* (1 Kor. 13:4-7).

Die liefde in die Christelike huwelik het sy diepste grond in die liefde van God in Christus. Die HERE het ons 'n plek in sy verbond gegee — in sy genadeverbond. Ons bly in dié plek enkel en alleen danksy die skuldvergewende genade van God. As dit van ons afgehang het, was daar van dié verbond niks oor nie. Maar die HERE bly getrou.

Hierdie trou van die HERE is die fondament van ons huwelikstrou. Die belydenis dat hulle self van

Geloof sien die reënboog van God se verbondsbelofte, wanneer my gevoel die wolk van swaarkry sien.

- CH Spurgeon

God se genade leef, moet die verhouding van man en vrou kenmerk. Hulle moet bewus wees van die enorme skuld wat God hulle kwytgeskeld het (lees ook Matt. 18:21-35). Dan sal hulle bereid wees om mekaar te vergewe (Ef. 4:32). Dan sal hulle ook bereid wees om hulle eie foute te erken. Om eie skuld te bely is dikwels baie moeiliker as om 'n ander te vergewe. By die vergewe van 'n ander bly jyself regop staan – dis immers nie jy wat die fout gemaak het nie, en jy is heeltemal bereid om die ander genadig te vergewe. Maar om ons eie foute toe te gee, maak ons klein en dwing ons op ons knieë — en daarvan hou ons niks. Daartoe is ons net in staat wanneer ons weet hoedat God ons in sy genade aangeneem het. Danksy die trou aan sy verbond, wat God in Christus aan ons bewys, kan ons in die huweliksverbond getrou wees. Ons het mekaar as man en vrou lief, omdat God ons in Christus eerste liefgehad het (1 Joh. 4:7-21).

Liefde is nie iets wat jou oorval nie, dit is iets wat aan jou geskenk word.

Kom ons kyk nog bietjie dieper na die huweliksliefde. Wanneer Isak en Rebekka met mekaar trou, staan daar, in volgorde: “*Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar begin liefkry*” (Gen. 24:67). Dit lyk vir ons agterstevoor. Eers trou en dan liefhê? Dit moet tog andersom wees? Tog eers liefhê en dan trou? Die liefde is tog die fondament van die huwelik?

Ons redeneer dikwels so, maar tog is dit nie juis nie. Liefde is nie die *fondament* van die huwelik nie. Die basis van die huwelik is die beskikking van God wat Hy deur sy dienaar (die burgerlike

owerheid) voltrek en ook deur die beloftes wat in die kerk afgelê word, bevestig. Die onderlinge liefde tussen man en vrou is nie die *basis* van die huwelik nie, dit is die *opdrag* in die huwelik. Dit val vir ons vreemd op die oor. Vir ons is liefde immers 'n gevoel wat jy vir iemand het of nie het nie - en waar verder min aan te doen is. In die Skrif word die liefde egter vir ons *gebied*. Dat ons mekaar moet liefhê is 'n *gebod* (Matt. 22:39; 1Joh. 2:7-11; 3:11-17; 3:23; 4:11, 21; Ef. 5:25 ens.). Dit geld ook in tye van spanning. In sulke tye kan 'n mens nie sê: ‘ons het mekaar nie meer lief nie, daarom het ons huwelik geen basis meer nie’. Nee, dan moet gesê word: ‘omdat God ons saamgevoeg het, rus die taak op ons om mekaar lief te hê’. Die huwelik is nie van die liefde tussen man en vrou afhanklik nie — dit is juis die omgekeerde: op grond van die huweliksverbond wat voor die oë van God aangegaan is (Spr. 2:17; Mal. 2:14), is man en vrou tot liefde teenoor mekaar verplig.

Ons moet nie van die liefde allerlei romantiese voorstellings probeer maak nie. Liefde is iets anders as verliefdheid. Verliefdheid is 'n gevoel wat van jou besit neem en waaraan jy min kan doen. Jy is dit of jy is dit nie. Dit is iets waarin ons *kwesbaarheid*, ons gebrek aan beheer oor onself, sterk na vore kom.

Liefde is iets anders. Dit is nie iets wat jou oorval nie, dit is iets wat aan jou *geskenk* word. Juis omdat dit 'n opdrag van God is, is dit ook 'n geskenk van Hom. God het beloop om aan sy kinders te gee dit wat Hy beveel. So is ware liefde dan 'n geskenk van die Heilige Gees. Hy maak jou bereid om baie vir die ander op te offer, baie geduld aan die dag te lê en die belang van die ander een in jou lewe voorop te stel.

Juis in tye van spanning kan jy jou oopstel vir die krag van God wat in sy verbond onwrikbaar getrou is. Hy is dáár met sy belofte dat Hy vir sy

Geloof bou en rus op die karakter van God, en nie op die bewys van die laboratorium of die logika nie.

- AW Tozer

opdrag ook die krag sal gee. Toe die bruidegom en bruid op hulle huweliksdag trou gesweer het tot die dood hulle skei, het hulle nie geweet wat hulle belofte nie. Hulle het nie geweet watter moeite en spanning vir hulle voorlê nie, maar die HERE voor wie se aangesig hulle trou belofte het, het dit geweet. Op hulle troudag sê Hy juis: 'julle kan op My 'n beroep doen om julle belofte van vandag na te kom'. Omdat die HERE vooruit weet voor watter warm vure die bruidspaar nog te staan sal kom, belofte Hy om hulle by te staan en aan hulle die krag vir sy opdrag te gee (1 Kor. 10:13). Wanneer Hy man en vrou aan mekaar verbind, verklaar Hy dat sy genade vir hulle genoeg is, hoe die Satan ook al die pas geslote huwelik sou aanval en hoeveel hulpeloosheid daarteen ook by hulle sou blyk (2 Kor. 12: 7-9). Getroudes mag en moet op dié belofte vertrou. Nie net in goeie dae nie, maar ook in slegte dae. Nie net in rykdom nie, maar ook in armoede. Nie net in gesondheid nie, maar ook in siekte - liggaamlik en geestelik. Ons gesug gaan nie by Hom verby nie. Hy sien dit. Hy weet van die swaarkry van elke dag. Hy weet van ons getob en ons verdriet in swart en slapelose nagte. Hy weet hoe ons teen nog 'n dag opsien. Dan lê Hy

sy hand op ons (Ps. 139:1-6). Hy is by ons "al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20), en Hy is by ons met sy krag (Jes. 40:27-30) — omdat Hy dit belofte het. Sy belofte is betroubaar. Ook al lyk dit of sy belofte nie vervul word nie, in Christus is hulle seker en vas (2 Kor. 1 :20)! Selfs 'n oënskynlik uitsiglose huwelik is 'n huwelik met 'n belofte. Uit die krag van die belofte is geloof soos 'n mosterdsaadjie - die kleinste van alle sade (Matt. 17:20) - in staat om berge te versit (Mat. 17:20)!

Op jou troudag sê Hy juis: 'julle kan op My 'n beroep doen om julle belofte van vandag na te kom'.

Ons, wat dikwels so 'n swak geloof het, het 'n sterk en betroubare God. Dikwels lyk Hy ver weg, maar Hy volgens sy belofte sal ons Hom juis in al hierdie tye as baie naby ervaar. En dit is genoeg hoop om elke keer weer in liefde te volhard in my huwelik!

Is dit nie die oorsaak van ons skuldige stilswye nie? Ons praat nie vir Christus nie, want ons het sy Naam nie só lief dat ons nie kan verdra om Hom sonder erkenning en sonder verering te sien nie. As ons oë maar oop was om sy heerlikheid te sien, en as ons maar deur sy openlike vernedering onder die mense gekrenk was, sou ons nie kon swyg nie. Dan sou ons eerder die woorde van die apostel laat hoor: " ... vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie" (Hand. 4:20).

J Stott, in: Our guilty silence, p 22

Of all graces, faith honours Christ most; therefore, of all graces Christ honours faith most.

- Matthew Henry

EERS LEEG, DAN VERHOOG

E Viljoen



Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Jesus Christus was (Fil 2:5)

Christus se hemelvaart is baie nou verbind met die lewe van die kerk van dag tot dag. Uit die hemel is daar aandag vir die aarde. Vir mense. Die hemel is in liefdevolle diensbaarheid besig met ander. Maar in Filippi was dit anders. Blykbaar is elkeen daar maar net besig met sy eie belang. Elkeen dien sy/haar eie koninkryk. Die houding is: “Laat *my* koninkryk kom; laat *my* wil geskied.” By verre was daar nie genoeg aandag vir die belange van die naaste nie. Dit was doodeenvoudig selfsugtigheid.

Dit behoort nie so te wees nie! Van die begin af was hulle skatryk gemaak deur die Here. In Filippense 2:1 brei Paulus bietjie uit oor dit waarmee hulle so ryk gemaak is. Hulle het troos in Christus gekry. Christus het vir hulle perspektief op die lewe kom gee. En dan ook nie karig nie, maar in oorvloed! Hy wat ’n goeie werk in hulle begin het, sal dit ook heeltemal volbring tot op die einde (1:6). Hulle is bemoedig in hulle stryd teen die teëstanders. Hulle het die groot geskenk gekry om nie net in Christus te glo nie,

hulle mag ook vir Hom ly. Wat ’n troos!

Hulle het vertroosting / bemoediging in liefde gekry. Paulus het al vroeër in sy brief getuig van hulle broederliefde. Hulle het ook gemeenskap van die Gees. Hulle kan ervaar hoe die Gees hulle saam laat deel aan al Christus se skatte en gawes. Laastens noem Paulus nog die “innige tederheid en ontferming” – hulle kon deur sy prediking by hulle geniet van God se barmhartigheid en sy ontferming oor hulle. Wat ’n gawe en rykdom!

Volledige blydskap

As dit dan is hoe ryk hulle gemaak is, dan het Paulus ’n heel klein begeerte: maak nou die blydskap wat hy reeds het, heeltemal volledig. En dit kan hulle doen deur eensgesind te wees. Hy vra eintlik nie iets vir homself nie, maar vir hulle. Die gemeente self het die meeste belang daarby dat hulle eensgesind sal wees.

Wat is hierdie eensgesindheid? Sou dit beteken dat hulle almal presies dieselfde musiekaanvoeling moet hê? Sou almal presies dieselfde moet dink oor politieke oplossings vir die land? Moet almal op presies dieselfde manier die kerk inkom of daar uitgaan? Moet almal ewe bly wees oor sosiale funksies in die gemeente of die belang van ’n Bybelstudiegroep al dan nie?

Paulus se woorde is: “Julle moet dieselfde dink”. Julle moet almal op dieselfde resultaat gerig wees. Julle moet almal dieselfde ingesteldheid hê. Hy maak dit heeltemal konkreet. Eensgesind beteken: “julle moet dieselfde liefde hê”. Liefde vir dieselfde evangelie moet julle harte beheers,

Jaloersheid is opstand teen God Self – ’n opstand teen Sy plesier en vryheid om uit te deel.

- Thomas Manton

asook dieselfde liefde vir almal. 'n Liefde gedryf deur Christus se liefde vir ons. "Een van siel, een van sin". Die hele gemeente moet as't ware in een gelid loop agter die leiding van die Heilige Gees aan. Heeltemal saam gerig op die een saak. Jaag dieselfde doelwit na. Wees lief vir dieselfde.

Dit is slegs moontlik indien daar gewaak word teen die groot teëstander van eensgesindheid: *eiebelang en eersugtigheid*. Eiebelang is 'n sondige houding wat mense uit mekaar skeur. In die gemeente moet veel eerder 'n nederige gesindheid heers waar elkeen die ander hoër ag as homself. 'n Houding waardeur ek nie my eie belange gaan dien nie, maar juis die ander s'n. Só 'n lewenshouding in die gemeente sal vir Paulus (in die tronk) sy vreugdebeker laat oorloop!

Gelowig kyk na Jesus met sy diensbare gesindheid

Hierdie gesindheid is veel meer as 'n mooi nuwe voorneme. Dit is 'n geloofsaak. Daarvoor moet na Christus gekyk word. Na daardie Christus wat nou in die hemel opgeneem is as vrug van die gesindheid wat sy lewe op aarde beheer het. God het Hom verhoog. Hy is deur sy Vader in die hemel 'n Naam gegee bo elke Naam. In die hemel en op die aarde moet almal voor Hom buig. Hierdie verhoging het alles wel begin met 'n baie spesifieke lewensingesteldheid - 'n lewensingesteldheid waarsonder die hemel vir Christus ook nie in heerlijkheid sou ontvang nie.

Die gesindheid wat vir ons beheersend moet wees, is die gesindheid waarmee Christus Homself vir ons kom gee het, om die hemel vir ons oop te sluit. Hierdie Jesus kon homself as God op aarde laat geld. Al was Hy besig om as mens op te tree, het dit nooit beteken dat sy goddelike krag uitgesluit is nie. By soveel

geleenthede laat Hy op aanskoulike manier sy goddelike mag en krag sien. Maar nooit om sy eie belang te dien nie. Ten opsigte van sy eie belange, het Hy heeltemal 'n slawe houding, 'n dienskneggestalte aangeneem. Sy gelyk-aan-God-wees het Hy nooit jaloers vir homself gehou nie, maar eerder gebruik in die belang van ander. Wat sy eie belange betref, het Hy Homself "leeg gemaak". Hy was nie vol van Homself nie, maar vol van diensbaarheid en liefde vir ander.

Sy gelyk-aan-God-wees het Hy nooit jaloers vir homself gehou nie, maar eerder gebruik in die belang van ander.

Hy het nie krampagtig aan sy hoë posisie vasgeklou nie, maar eerder die vorm van 'n dienskneg aangeneem. En dan gaan Jesus se dienskneggestalte nie daarvoor dat Hy mens geword het nie. Asof Jesus se menswording vernederend sou wees nie. Hy is vandag in die verhoogde posisie in die hemel nog steeds 'n mens. Nee, die dienskneggestalte gaan daarvoor dat Hy as mens Homself verneder het deur die houding van 'n dienskneg aan te neem. Sy hele lewensverloop is bepaal deur gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid selfs tot in die dood. As dit die wil van die Vader is dat Hy die beker moet drink van sy kruisdood, dan onderwerp Hy hom daaraan volledig. Hy dien nie sy eie belang nie.

'n Dienskneghouding het alles te make met 'n houding van gehoorsaamheid. In sy geval tot in die dood. Tot aan die kruis waar Hy tussen hemel en aarde gehang het. Dit was die weg wat Hy moes volg voordat Hy in heerlijkheid in die hemel opgeneem kon word.

En hierdie gesindheid van gehoorsaamheid moet nou ook in ons wees.

Geloof se manier om te groei, is om weg te gee.

- CH Spurgeon

ROEPING EN VERWAGTING

G van Genderen



Waaksaam wees en werksaam wees

Ons word deur die Christelike hoop en toekomsverwagting in beweging gebring. Die hoop het 'n uitwerking in ons lewe. Wie gelowig op die koms van Christus wag, sit nie stil nie. Ons het 'n opdrag.

Ons verwagting loop saam met ons roeping. In die Heilige Skrif word daar vir ons met groot nadruk gesê: *“Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie”* (Luk. 12:40). *“Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie”* (Matt. 24:42). In sy kommentaar hierop sê

Calvyn dat die feit dat die tyd van Christus se koms onbekend is, ons tot oplettendheid en waaksaamheid moet aanspoor, want God hou die tyd met opset vir ons verborge sodat ons nie sorgeloos word nie, maar gedurig sal waak.

Om te waak, is om aktief te wees. Die koms van Christus wat op hande is, eis dat ons waaksaam én werksaam sal wees. Die werksaamheid kom sprekend na vore in die gelykenisse van die talente en die ponde (Matt. 25:14-30; Luk. 19:11-27). Ons dra die verantwoordelikheid vir wat aan ons toevertrou is. Getrouheid is hierin allerbelangrik.

Gelowiges moet as kinders van die lig lewe; hulle moet nugter en wakker wees. Om waaksaam te wees in die wêreld, moet hulle ook weerbaar wees. Daar is baie gevare waarteen hulle hul moet bewapen om in die geestelike stryd sterk te staan *“met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid”* (1 Tess. 5:1-11).

Roeping en verwagting kan nie van mekaar geskei word nie. Ons mag nie by ons werksaamheid die uitsig op die groot toekoms verloor nie. By die uitsien na die dag waarop Christus in heerlijkheid sal verskyn, mag ons eweneens nie ons roeping in hierdie lewe verwaarloos nie.

Daar word dikwels in hierdie verband na 'n gesegde, wat aan Luther toegeskryf word, verwys. Alhoewel Luther sterk na die jongste dag verlang het en gedink het dat die einde naby was, sou hy gesê het: *‘As ek geweet het dat die*

Al storm dit op aarde, dit is rustig in die hemel

- J Calvyn

wêreld môre sou vergaan, sou ek tog vandag nog my appelboomplant. By ondersoek blyk dit dat daar nie in die geskrifte van Luther 'n uitspraak oor die einde van die wêreld en die plant van 'n boom is nie.

'n Gedagte wat wel by die denke van Luther — en van ander hervormers, en vir seker by dié van Calvyn — aansluit, is: “*Laat ons ons amp en plig, o HEER, getrou behartig tot u eer*” (uit die Môtresang), wat nie in teenstelling is met “*Leer ons om in die lewensnag verlangend op u koms te wag*” (uit die Aandsang) nie.

Laat ons steeds die vraag stel waarvoor ons lewenstyd aan ons gegee is. Wat swaarste is, moet swaarste weeg en volgens gereformeerde oortuiging, is dit die dienswerk in die Koninkryk van God. In die lig van die verwagting van die koms van die Ryk in sy volkomenheid, is dít die opdrag wat voorop staan.

Daar is al, tereg, daarop gewys dat die sin en betekenis van hierdie tussentyd in die Nuwe Testament nie net in terme van vertroosting en vermaning beskryf word nie, maar ook van die roeping van die gelowiges. “*Die Here*” sê die Skrif, “*... is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom*” (2 Pet. 3:9). Hierby is die gemeente in haar sendingstaak direk betrokke. Sy word met woord en daad in hierdie diens ingespan.

Die heiliging

Die verwagting van die voleinding is een van die motiverings vir die heiliging van ons lewe. 'n Mens sou kon sê dat die voleinding om heiliging roep. Sonder heiliging sal niemand die Here sien nie (Heb. 12:14). Die omgekeerde is ewenwel ook waar: die heiliging roep om die voleinding. Dit is juis die voorlopigheid en onvolkomenheid wat op die volheid gerig is.

Dat die heiligmaking by die voorbereiding op die ontmoeting met Christus hoort, is uit die Nuwe Testament helder duidelik: “*[M]ag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is, sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges*” (1 Tess. 3:12, 13). In 2 Petrus 3:11-14 hou die vermaning verband met die vergaan van hierdie wêreld en die verwagting van die nuwe hemel en die nuwe aarde. In 1 Johannes 3:3 lees ons nie dat elkeen hom moet reinig nie, hoe Bybels dit ook mag wees, maar: “*... elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is*”. Die reiniging of heiliging is 'n realiteit.

Laat ons steeds die vraag stel waarvoor ons lewenstyd aan ons gegee is.

1 Korinthiërs 15, 'n hoofstuk ryk aan perspektiewe, eindig met die oproep: “*Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie* (v. 58). Die woord wat Paulus hier gebruik (*kopos*), verwys meesal na moelike werk, soos dié wat hy self verrig, en die arbeid van die liefde van die Christene in die gemeente (1 Tess. 1:3). Die werk van die Here is werk wat die Here deur dié wat aan Hom behoort, wil laat verrig en sluit alle vorme van diensbetoon in, ook die insameling van die kollekte vir die gemeente in Jerusalem (1 Kor. 16:1-4).

Die dae wat aan die wederkoms van Christus voorafgaan, word aan sy volk gegee om in sy diens te staan.

Daar word op die oomblik in die kerk meer gepraat oor self-ontplooiing as oor self-opoffering.